

KAMPUS *nuus*



EILEEN AFRICA

"Kinders móet beweeg"

Matrieks kan
SciMathsUS voltooi

How to stay out of
trouble on social media

US doen navorsing
oor diversiteit

Make your medical aid
work for you

Qobolakhe Botha: "I'm not that different to many people..." 3
 Hoërondewys word werklikheid vir 50 leerders5
 Maties-hokkiespelers verteenwoordig SA6
 Drama launches audience development project7
 Is your social media activity an embarrassment?8
 Diversiteit, vooroordele en verdraagsaamheid9
 Prof Wim de Villiers' vision for 2016 10
 Prof Izak van Biljon: Meer as net oud-Dekaan 11
 Recipe: Lunchbox frittatas12
 Arts and music13
 Avoid out-of-pocket expenses for medical treatment ... 14
 In gesprek met Dr Eileen Africa 15
 Brokkies in Beeld 16



Redakteur: René-Jean van der Berg
 Voorbladfoto: Stefan Els
 Bladontwerp: SUN MeDIA
 Drukwerk: SUN MeDIA
 Advertisies: Conita Henry
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
 Redaksionele bydraes aan:
 Die Redakteur, Admin B-gebou,
 faks: 021 808 3800,
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
 STELLENBOSCH
 UNIVERSITY

VAN DIE Redakteur

Hallo Matie-mense
 As iemand verlede jaar vir my gesê het ek sal vandag aan die Universiteit Stellenbosch werk, sou ek waarskynlik dink die persoon is stapelgekmal. Maar hier sit ek nou al die afgelope twee maande en tussen my pogings om die kampus te leer ken en uit die eekhorings se pad te bly, kon hierdie uitgawe van *Kampusnuus* ook in jou hande beland.

Twee nuwe kenmerke in jou *Kampusnuus* vanjaar is artikels oor aktuele of nasionale nuus en hoe dit die US gemeenskap raak, asook 'n maklike en vinnige resep. Die storie op bl. 8 werp lig op die sosiale media storm wat in die land woed en wat jy kan doen om dit te vermy. Die maklik en vinnige resep op bl. 12 kan verseker dat jou kosblik iets is om na uit te sien. Lesers is welkom om idees vir aktuele nuus en resepte te stuur.

It is a very exciting time to be working at Stellenbosch University. As with all institutions of higher education in South Africa, SU will certainly come face to face with various challenges and opportunities and I trust that the strong leadership at this university will make this a smooth sail for the Matie community. Various conversations of national importance will continue this year at SU as highlighted by Prof Wim de Villiers in his welcoming message to staff (see story on pg 10).

Another thing that excites me is the energy of our new students. They have big plans for themselves, their own future and the future of South Africa. This was quite evident at the official welcoming event held in January where about 5 000 students wrote their dreams on balloons. I know many will be successful in reaching their dreams with the help of our staff, whether it is lecturers, mentors, administrative and support staff or the examples of leadership they witness at SU. Speaking of leadership, I hope each of us made a 2016 resolution to apply at least one leadership quality in our daily lives at home and in the work place.

Welcome to 2016!

René-Jean



My work is my happy place

In the corridors between the bookshelves of the JS Gericke Library on the Stellenbosch campus, is where you'll find Qobolakhe Botha. This is his happy place – where he works and sometimes just sit and stare at the ancient leather bound volumes in their protective glass cases, wondering about all the information caught between the covers.

I started working at the University in 2004 at the access control point (front desk of the library) as a security guard. Currently my work entails the physical preparation of the library material and administrative work. I am now busy with the training of cataloging work. Previously I did two years of a teachers course, but because of financial problems I could not complete it. I then completed a short course in business management. After struggling to find employment, I decided to become a security guard and focused on armed response and cash in transit.



A typical workday for me involves preparing material for distributing to various sections in the library. When new books are delivered to the library, it needs to be captured, catalogued and prepared for our systems. I am involved with this procedure. About 90 books pass through my hands per day.

I love my work because it is different than any other work on campus. We are the source of information at this institution of learning. Our university is recognised worldwide because of us, the library. The fun part of my work is that it often distracts me. Sometimes I am busy pasting a spine label on the book. The next thing I find myself reading sections in the book.

I believe in myself and my capabilities and work really hard. In whatever task or challenge I take on, I trust in God. It is this take on life that enabled me to continue my studies towards a degree. I recently obtained a Bachelor of Library and Information Science (BLIS) that I received through hard work and dedication. I don't think I am that much different to many other people.

At home I always help my children with their studies and assist my wife in her business. I am also very active in my community helping with local issues – too many to count.



Photos: STEFAN ELS

KAMPUSklets

For the arrival of new and senior students, SU encouraged tweeters to use #WelcomeMaties and tweet their photos. Here are some of the tweets and photos:



<TSR>
 @tygersr Sisters in the wards are grateful to the First Years who delivered succulents with a thank you note.



<JANIE>
 @Janievdspuy Hello 1st years! Great speech by SU SRC head in stunning setting



<METANOIA>
 @MetanoiaRes A very big welcome to our first years

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

Rietenbosch project to benefit learners, community and environment

A wetland rehabilitation project originating in SU's Faculty of Education is steadily making progress and is on track to benefit more than 20 000 learners in and around Stellenbosch.

The Rietenbosch Wetland Project, launched in 2013 and run by SU's EEPUS programme (Environmental Education Programmes University of Stellenbosch), aims to rehabilitate and develop the degraded wetland on the Rietenbosch Primary School premises in Cloesteville.

EEPUS functions as a programme of the Department of Curriculum Studies with its main function to include environmental education in all the programmes of the Faculty and to formalise environmental education in schools. "The Rietenbosch Wetland Project is now coming into its own," says programme coordinator Prof Chris Reddy, who heads up the EEPUS programme.

"We want the wetland area to serve as an educational resource for teachers, learners as well as the broader community of the Cloetesville area. The physical work is nearing completion now, and in the next year we'll focus on creating a volunteer



Prof Chris Reddy, Roy van Rooyen, and Prof Nico Koopman, acting Vice-Rector (Social Impact, Transformation and Personnel). Photo: STEFAN ELS

parent system and a youth club, as well as developing and distributing learning support material to teachers which will be aligned with Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS)."

According to Reddy, funds recently received from the National Lotteries Distribution Trust Fund will go a long way in ensuring that the goals of this project become a reality.

Says the National Lotteries' Sershan Naidoo: "The National Lotteries

Commission is committed to assist non-profit projects that aim to protect our environment, especially when the projects include raising awareness with school children."

According to Roy van Rooyen, principal of Rietenbosch Primary, this initiative "is unique and our learners are extremely excited to be a part of it. I hope this initiative will expand and serve as an example to other schools and communities of what can be done".

Hoëronderwys word werklikheid vir 50 leerders

Vyftig 2015-matrikulante sal die geleentheid kry om die US se SciMathUS-program (Science and Mathematics at Stellenbosch University) in 2016 te voltooi. Dit danksy 'n skenking van die Eskom-ontwikkelingstigting wat hul onderrig en verblyfkoste sal dek.

Die Stigting is al vir die afgelope vier jaar 'n groot ondersteuner van SciMathUS.

"Onderwys is een van die fokusareas van die Eskom-ontwikkelingstigting. In die besonder fokus ons op wiskunde- en wetenskaponderwys, en die SciMathUS-program is een wat 'n

beduidende impak op die ontwikkeling van ons ingenieurs van môre maak," sê Haylene Liberty-Nel, hoof van die Stigting.

Die jaar lange SciMathUS-oorbruggingsprogram help studente uit onderwysbenadeelde gemeenskappe om toegang tot hoëronderwys te verkry en berei hulle ook voor vir sukses in hul tersiêre studies.

Sedert 2001 het SciMathUS al meer as 1 100 studente gehelp om die program suksesvol te voltooi. Gemiddeld skryf 75% van elke groep by die US vir hul eerstejaar in.

Sover het 139 studente hul

grade hier voltooi in dissiplines wat wissel van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe tot Ingenieurswese en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

'n Derde van hierdie studente het 'n eerste nagraadse graad voltooi, terwyl 'n derde van hulle ook 'n verdere kwalifikasie verwerf het. Twee voormalige SciMathUS studente spog ook met PhD-grade.

Een van die 2015-studente, Buhle Ngindi, sê: "Vanjaar was 'n groot leerkurwe. Nie net het ek akademies verbeter nie, maar ek het 'n geleentheid gekry om as persoon holisties te groei."

Maties-hokkiespelers gekies om SA te verteenwoordig

Nie minder nie as 13 spelers van die Steinhoff Maties-hokkieklub is gekies om aan die Internasionale Somerreeks deel te neem. Die Maties-spelers in die mansgroep is Rob McKinley, Dylan Swanepoel, Daniel Bell, Alex Stewart, Charlie Bowren, Matt de Souza, Bili Ntuli en Keenan Home. Erin Hunter en Jade Mayne is by die vrouegroep

ingesluit, terwyl Nicole la Fleur, Taryn Glasby en Heather McEwan vir die SA A-span gekies is. Die mans sal speel teen Kanada, Ierland en Spanje. Alle wedstryde vind by die Hartleyvalestadion plaas. Die vroue sal speel teen Duitsland, Indië, Skotland en Kanada. Datums en venues vir die vroue se wedstryde is nog nie bekend nie.



Maties-hokkiespeler Keenan Home. Foto: OUTSIDER COMMUNICATIONS



25 JAAR SE DIENS: Dié groep US-personeellede het einde verlede jaar langdienstoekennings ontvang vir 25 jaar se diens aan die Universiteit. Die ontvangers is getraakteer met 'n ete by STIAS, waar hulle ook hul sertifikate ontvang het. Altesame 39 personeellede het langdienstoekennings ontvang. Hulle is (volledige alfabetiese lys): Gretchen Arangies, Madél Ashenden, Linda Bellairs, Juanita Bester, Benette Brink, Erinda Cooper, Marianne Cronjé, Wessel Croukamp, Margie Daniels, prof Pierre de Villiers, Johannes Diamond, prof Mawande Dlali, Jan du Toit, Paul Elias, Elize Foot, Nicky Fransman, Prof Sonia Human, Charmaine Kapp, Marinda Kotzé, Clive le Roux, Ralie Louw, prof Ann Louw, Leana Loxton, Danie Malan, Lésanne Matthee, Micheal Mlambo, John Morris, Andries Nieuwoudt, Pietro Petzer, Carin Pienaar, Deon Pietersen, prof Marina Rautenbach, Jane Segal, Wayne September, prof Nic Terblanche, prof Frederik Uys, Johan van der Merw, Johan van Rooyen en George Whitehead. Foto's: ANTON JORDAAN

Drama launches HB Thom Theatre Audience Development project

SU's Drama Department recently launched the HB Thom Theatre Audience Development project thanks to an initiative inspired by research conducted by one of its lecturing staff, Schalk van der Merwe.

Van der Merwe is currently busy finalising his PhD proposal which focuses on theatre audience development in rural areas in South Africa. "For the past three years we have been taking productions to communities in rural areas close to Stellenbosch. As part of my PhD proposal, I decided to test audience receptiveness regarding theatre productions in different rural areas, in other words, audiences that do

not have easy access to theatrical productions," explains Van der Merwe.

"This is how I came up with the idea to tour the Karoo with our production, Die Prinses en die Ertjie (in English, the Princess and the Pea), and to offer theatre workshops to educators at schools in those areas we focused on".

According to Van der Merwe, the "audience development project gives school learners the opportunity to see a production which is aimed at their particular age demographic, but also inadvertently teaches learners soft skills such as being tolerant and accepting people who are different to them."

Some 4 500 learners from disadvantaged schools in Beaufort

West, De Aar and Graaff Reinet were reached within three days.

In workshops aimed at the educators, Van der Merwe and his team showed them how to make props and backgrounds for productions by using materials easily found in their communities, such as paper and plastic bottles.

The feedback from those who attended the workshops has been extremely positive, with many enjoying being exposed to theatre for the first time.

Van der Merwe has already started making plans to stage a new production in both English and Afrikaans in the three towns this year.

R1,5 miljoen om volhoubare bestaansgeleenthede te skep

'n Nuwe projek in die US se Fakulteit AgriWetenskappe wat daarop toegespits is om hongersnood en armoede te verminder, landbouontwikkeling te verhoog, wanvoeding die hoof te bied en tot vaardigheidsontwikkeling by te dra, het 'n hupstoot van R1,5 miljoen van die WesBank-fonds ontvang.

Die projek genaamd FARMNET (Farmer market networks – creating sustainable viable livelihoods) sal met boere saamwerk wat van bestaansboerdery na markdeelname wil oorskakel. Dit sal kennisproduksie en die ontwikkeling van menslike kapitaal op die gebied van voedselsekerheid in Suid-Afrika bevorder.

Die Oos-Kaap, Noordwes, Limpopo en die Wes-Kaap, in samewerking met streeksinstellings, sal aan dié drie jaar lange inisiatief deelneem wat in Oktober 2015 van stapel gestuur is.

“FARMNET sal die huidige voedselstelsel bestudeer om beter te verstaan waar daar transformasiepotensiaal is. Die projek sal dus aanvanklik 'n stelselmatige beoordeling van beleide, praktyke en die resultate van vorige stelsels behels, waarop die dinkskrum en die ontwerpproses dan gegrond sal word.

“Bestaande kleinskaalboerenetwerke, landbouontwikkelingsbeamptes van die regering, asook die verskillende provinsies se taakgroepe oor voedselsekerheid sal geraadpleeg word,” verduidelik Julia Harper, bestuurder van die Voedselsekerheidsinisiatief aan die US.

Harper en haar kollegas wat aan die projek sal werk, verwelkom die R1,5 miljoen en sê dit sal hulle in staat stel om belanghebbendes byeen te roep, wat noodsaaklik is om die doelwitte van die projek te verwesenlik.



Dié foto is geneem tydens 'n mentorskapsessie in Limpopo.

FARMNET sal ten nouste saamwerk met 'n ander universiteitsprojek genaamd die Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium, wat hom daarop toespits om diverse groepe in die voedselstelsel byeen te bring om geleenthede vir transformasie te bepaal en te ontwikkel.

Rekenaarwetenskaplike tweede in SA wat A-gradering ontvang

'n Spesialis in sagteware-ontwikkeling aan die US, prof Willem Visser, is slegs die tweede rekenaarwetenskaplike in



Prof Willem Visser

Suid-Afrika om 'n A-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) te ontvang.

A-graderings word toegeken aan navorsers wat onomwonde deur hul eweknieë as leidinggewende internasionale navorsers in hul vakgebied erken word vir die uitstaande gehalte en impak van hul onlangse navorsing.

Visser het erkenning ontvang vir sy navorsing oor die toets en analise van rekenarsagteware. Hy is tans medevoorsitter van die programkomitee vir die Internasionale Konferensie oor Sagteware-ontwikkeling (ICSE), die grootste akademiese konferensie in dié vakgebied.

Hy is ook mede-redakteur van ACM

Transactions on Software Engineering and Methodology, een van die belangrikste vaktydskrifte in die vakgebied.

Hy dien op die raad van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rekenaarwetenskaplikes en Inligtingstegnologie.

Terwyl hy by die NASA Ames Navorsingsentrum in die Verenigde State van Amerika gewerk het, was Visser instrumenteel in die ontwikkeling van Java Path Finder (JPF), 'n model wat die programmeringstaal Java kan nagaan.

In 2012 is hy verkies tot die uitvoerende komitee van die ACM Spesiale Belangegroep vir Sagteware-ontwikkeling. Hy het ook bygedra tot die skryf van die 2014 riglyne vir sagteware-ontwikkeling kurrikulum.

Academic wins international award for research on prejudice

Dr Hermann Swart, a Social Psychologist in the Psychology Department, recently received the 2015 Gordon Allport Intergroup Relations Prize for his research on how prejudices are affected more by where we live than who we know.

The award was bestowed on Swart and co-authors Drs Oliver Christ, Katharina Schmid, Simon Lollot, Nicole Tausch, Anathi Al Ramiah, Profs

Dietland Stolle, Ulrich Wagner, Steven Vertovec and Miles Hewstone by The Society for the Psychological Study of Social Issues (SPSSI) for their paper entitled “Contextual effect of positive intergroup contact on outgroup prejudice”.

The SPSSI is an international organisation consisting of social scientists that conduct research on a wide range of societal problems.

“The paper was chosen from amongst very high-quality submissions and is a fine example of SPSSI's interest in applying research to significant social issues,” read the letter from the organisation. “The committee commented on the quality of the empirical evidence and the insight it generated about macro contextual effects on intergroup contact.” (Read more on pg 9)

Radiostasie bied somerskool aan



Leerders in die MFM-ateljee.

Leerders van die Stellenbosch-gemeenskap het onlangs die geleentheid gehad om meer te leer oor die mediabedryf tydens 'n week lange opleidingsessie wat deur die US se kampusradiostasie, MFM, aangebied is.

Die sessie is aangebied in samewerking met die US se Telematiese dienste om vaardighede vir radio en ander media platforms te

ontwikkel. Tydens die opleidingsessies het leerlinge van die verskeie aspekte van radio-uitsending geleer, waaronder nuuslees, produksie, bemaking, sosiale media en advertensieverkope.

“Die doel was om leerders wat elk 'n passie vir die media het, bymekaar te bring waar hulle waardevolle ondervinding kon opdoen,” sê Charita van der Berg, MFM-stasiebestuurder.

Afrikaans en Nederlands op kortlys vir internasionale vertaalkongres

Die Departement Afrikaans en Nederlands het onlangs die nuus ontvang dat hy op 'n kortlys is om in 2019 die internasionale kongres van die European Society for Translation Studies (EST) aan te bied.

Die EST is in 1992 in Wene gestig en het tans lede in 46 lande regoor die wêreld. Die vereniging bied elke derde jaar 'n groot internasionale kongres aan waar akademië hul navorsing in die

breë studieveld van vertaling, tolking en redigering met eweknieë deel. Die bod om 'n EST-kongres aan te bied behels dat aansoekers 'n voorlopige voorlegging indien met inligting oor onder meer die infrastruktuur van hul instansie en die omgewing. Nadat alle voorlopige voorleggings ontvang is, word 'n kortlys saamgestel van kandidate wat dan 'n meer uitgebreide finale voorlegging moet indien. Die

Departement Afrikaans en Nederlands is een van twee instansies op die kortlys om 'n finale voorlegging in te dien. Die finale voorleggings word in Mei ingedien, en die finale uitslag word in September by vanjaar se EST-kongres in Denemarke bekend gemaak.

Indien die Departement Afrikaans en Nederlands die bod kry, sal dit die eerste keer wees dat die EST-kongres buite Europa aangebied word.

Think Tank brings top minds together to imagine a new city

Thirty of South Africa and Belgium's top postgraduate students participate in the KU Leuven-SU Think Tank held at the end of 2015.

These students discussed modern day challenges within cities in two very different countries, and identified key problems in these cities and propose strategies to improve them

Thanks to a preferential partnership agreement signed between the two universities in 2014, the first KU Leuven-Stellenbosch University Think Tank 2015, an extra-curricular and multidisciplinary research programme for Honours and Master's students that runs for 10 months, was launched earlier in 2015. The programme was managed and implemented by the Frederik van Zyl Slabbert Institute for Student Leadership Development (FVZS) with support from the Postgraduate and International Office (PGIO) at SU.

The theme for 2015 was “Making the City of the Future”, and focused on sub-themes like the ecology of the future city, economic growth in the future city, spatial planning for a sustainable future, public spaces, and a reflection on power relations.

Participants Yannis van de Velde from Belgium, who is studying an MSc in Physical Education and Kinesiology, and Rebecca Matsie from South Africa,



SU and KU Leuven students explore the city of Leuven during the SU students visit to Belgium to compile the final Think Tank report in December. Photo: JOHAN FOURIE

an Honours student in Sociology, said the Think Tank provided an opportunity to deliberate with like-minded students about the kind of future cities they wanted, to design how these cities should be structured, and to draw from the multidisciplinary backgrounds of team members.

According to Huba Boshoff, Coordinator: Key International Partnerships at the PGIO, SU received about 100 applications and selected 15 students, with Leuven selecting a further 15. The students were then divided into groups consisting of SU

and Leuven students studying a diverse range of degrees. Throughout the year, they attended a range of sessions of various guest speakers who teach at or visited their respective universities.

The 2016 theme will be Brave new world? Merging technology and society: opportunities, challenges and threats for the quality of life. Thirty students from both universities have already been selected to start the programme in February 2016, with Leuven students travelling to Stellenbosch at the end of next year to compile the final Think Tank report here.

“...but it is my personal account”

How your social media behaviour impacts the workplace



Having a bad day at work? Maybe you received horrible service at a restaurant? Where better to share your experience than on social media?

Social platforms are now the space where we voice our emotions and opinions, but social media experts warn to be extremely cautious before going online and posting comments.

Already early this year, a few social media users in the country were dismissed from their work after posting derogatory, offensive and/ or racist remarks on their accounts. Many employers will distance themselves from employees if their behaviour in public and on social media is an embarrassment to the employer.

Christine Bombal, Head of Digital Media at SU Corporate Marketing, says whatever you say on social media becomes published content, exactly the same as content printed in a newspaper or magazine.

“Saying something negative about your employer, your manager, your co-workers or even a competitor could land you in hot water.”

But what constitutes a harmful social media post?

Bombal highlights the following:

- A false and defamatory statement about any person or organisation
- Offensive, obscene, discriminatory or derogatory material
- Material that cause embarrassment to an employer, clients or staff
- Confidential information about your employer, staff or clients
- A statement which is likely to create a liability (whether criminal or civil, and whether for you or your employer)
- Material in breach of copyright or other intellectual property rights

Many social media users might argue that what they do on their own accounts is their own business, but Bombal says personal social media blunders can very easily lead to brand damage for the employer.

“Be careful about what you say, and always write as if it will be public information. Also remember that liking and retweeting can be seen as an endorsement of content.”

Social media lawyer Emma Sadleir, recently tweeted laws with regards to hate speech, defamation, privacy law, crimen injuria and employment law all applies to social media. She warns that the right to freedom of expression ends where your right to privacy, dignity, and reputation begins.

In the book, *Don't film yourself having sex* (2015), co-authored with Tamsyn De Beer, Sadleir explains how social media is playing an increasing role in the recruitment process: “Always consider the potential reputational consequences of what you do and say online. It will stay with you forever and could seriously jeopardise your future career.”

The Human Resource Division at the University says

defamatory comments that has been made on social media are dealt within the context of formal SU disciplinary procedures. “When brought to the attention of HR, the appropriate sanction will follow depending on the seriousness of the transgression and may even lead to dismissal of staff.”

WILL IT BE WISE TO POST THIS?

Before posting anything on social media, ask yourself the following questions:

STATUS	PHOTO
Does it contain racist remarks?	Am I or others on the photo naked?
Am I insulting an ex, colleague, supervisor, or the company I work for?	Can this photo be an embarrassment to my friends, my colleagues or my employer?
Am I drunk?	Am I drunk or is it a photo of me drinking?
Am I being unreasonable?	Am I incriminating myself in any illegal activity?

YES OR NO

If you answer ‘yes’ to any of the above, it will be wise not to post this status or photo.

US neem deel aan internasionale studie om diversiteit te meet

’N Internasionale studie, waaraan ’n navorser van die US se Departement Sielkunde deelgeneem het, het getoon dat persoon se geneigdheid tot vooroordele het meer te doen met waar ’n mens bly as wie jy ken.

Die navorsing het gekyk na hoe vooroordele by mense ontstaan en was gedoen in samewerking met universiteite in Duitsland, Kanada, Skotland, Singapoer en Engeland.

Dr Hermann Swart, lektor aan die departement, sê die studie het nie net ten doel gehad om vooroordele te meet nie, maar het ook probeer om die uitgangspunt van die Amerikaanse politieke wetenskaplike Robert Putnam se teorie ter syde te stel. Volgens Putnam lei meer diverse gemeenskappe tot minder vertroue en gemeenskapsamehorigheid binne die gemeenskap.

“Ons studie het die teendeel bewys. Ons het gevind dat die gedrag en norms met betrekking to diversiteit binne jou sosiale konteks (gemeenskap) ’n groter invloed op jou houding teenoor mense van ander etniesiteite, rasse, en nasionaliteite het.”

Swart sê bevooroordeeldheid kan nie noodwendig verminder word deur massa diversiteit nie, maar eerder deur positiewe intergroep kontak met mense vanuit verskillende en ander sosiale groepe.

“Hierdie effek word versterk as die meerderheid norms binne ’n betrokke gemeenskap diversiteit ondersteun.”

“Soms is dit maklik om te dink diversiteit is te veel van ’n uitdaging om te bereik, maar die navorsingsresultate is ’n bewys dat diversiteit ’n goeie ding is. Dit maak ons meer verdraagsaam teenoor ander en andersheid.”

In Suid-Afrika het Swart die navorsing gefokus vanuit die perspektief van voorheenbenadeelde groepe in die groter Kaapse metro.

Die gemeenskapsdiversiteit was gemeet deur te bepaal hoe veelrassig elke respondent se woongebied is. Vir die studie moes respondente aandui hoeveel hulle met ander rasse binne die gemeenskap sosialiseer en hoe hulle dié interaksies in die algemeen ervaar het.

Vooroordeeldheid is gemeet deur te vra hoeveel hulle mense van ander rasse vertrou.

“Regoor al die lande waar die studie gefokus was, het ons gevind dat wat binne jou sosiale konteks gebeur, ’n invloed het op jou eie persoonlike vooroordele en interaksies met mense vanuit ander groepe. Soms is dit maklik om te dink diversiteit is te veel van ’n uitdaging om te bereik, maar die navorsingsresultate is ’n bewys dat diversiteit ’n goeie ding is. Dit maak ons meer verdraagsaam teenoor ander en andersheid.”

Introducing the Equality Unit at CSCD

The new Equality Unit at the Centre for Student Counselling and Development promotes collective action towards social justice and discourse regarding social asymmetries at SU. The Unit will coordinate, educate and raise awareness around sexualities, gender, HIV/Aids, and anti-discrimination in partnership with relevant campus structures.

The Unit is responsible for the coordination and implementation of SU's policies on unfair discrimination (in process), sexual harassment and HIV/Aids.

The Unit is responsible for the coordination and implementation of SU's policies on unfair discrimination (in process), sexual harassment and HIV/Aids. It will also serve as the centralised one-stop service for students and staff managing accounts of unfair discrimination and various forms of harassment.

The Unit offers a walk-in service at 39 Victoria street. They can also be contacted at unfair@sun.ac.za for reporting cases of discrimination, harassment, sexual harassment, and victimisation at matiesurpass@sun.ac.za for any general enquiries or training/awareness requests. Be sure to follow them on Facebook (MatieSURpass) and Twitter (@MatieSURpass).



The team at the new Equality Unit is from the left Malan van der Walt, Michelle Munro, Adrian Pause and Jaco G Brink.

RECTOR SHARES HIS vision for 2016

With the year still young, and the events of 2015 still fresh in the minds of the University community, SU Rector and Vice-Chancellor Prof Wim de Villiers is confident that the institution's solid foundations in research, teaching and community interaction will help it deal with the many challenges currently facing higher education in South Africa.

In a recent communiqué to staff, students and alumni, he gave the assurance that such issues as student fees and language at the University will be priority matters in 2016.

"On our journey of transformation, meaningful dialogue is of vital importance. We should keep on talking and listening to each other in the search for common ground."

"On our journey of transformation, meaningful dialogue is of vital importance. We should keep on talking and listening to each other in the search for common ground. That is the principle behind an open conversation. A university is a place of ideas around which there should be contestation in the search for answers – even if it makes us uncomfortable."

Addressing the issue of student funding, De Villiers said SU supports the ideal of affordable higher education for all – and free, subsidised education for the poor – but for the moment all universities are still reliant on student fees to cover some of their costs.

On the issue of language, De Villiers said the University "is committed to multilingualism without any exclusion," in line with Council's position that "language may never be an obstacle to any student who has no command of Afrikaans or only the minimum required command of English."

Regarding demonstrations, De Villiers said everyone has a right to lawful and peaceful protest under the Constitution, but academic and administrative activities should not be disrupted, everyone's rights should be respected, and no-one should be denied the chance to study or work at SU. "We have a responsibility to protect our institution and all its people, property and activities."



Photo: STEFAN ELS

"We welcome the allocation of additional financing by the state to universities and NSFAS. We will also be making inputs to the Presidential Commission of Inquiry into Higher Education Funding, and look forward to satisfactory outcomes."



Download Prof De Villiers' welcoming message on YouTube here.

Prof Izak van Biljon - musiekmaker, restoureerder en babier

Op byna 91 is prof Izak van Biljon die oudste lewende Dekaan van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en 'n kort kop voor dié fakulteit wat vanjaar sy 90ste bestaansjaar vier. Pia Nanny het met hom gesels.

Die musiek kom krakerig en triestig vanuit die 1938-grammofoon. Die plaat draai stadiger en stop. Prof Izak van Biljon staan op en wen die grammofoon met die handslingertjie weer op. Hy giggel. "In daardie jare,

as jy 'n dans gehou het, het jy nie die tegnologie van vandag nie. Jy het net 'n grammofoon en plate," dink hy terug. "Dan as die plaat stadiger speel, moet jy jou dansmaat los en gou die grammofoon weer gaan opwen. Teen die tyd dat jy terugkom om verder te dans, het jy jou dansmaat verloor," lag hy.

Van Biljon se verbintenis met die Universiteit het oor sowat 45 jaar gestrek, vertel dié tydgenoot van bekendes soos prof AB de Villiers en die juris JC de Wet. Hy is egter nie meer by universiteitsake betrokke nie. "Ag wat. Ek is 'n has-been; ek het my innings gehad."

Van Biljon het in 1945, ná twee jaar by die Opleidingskollege op Graaff-Reinet, by die US ingeskryf vir 'n BA-graad met Afrikaans en Sielkunde as sy hoofvakke. Hy het later ook sy meesters- en doktorsgraad in Sielkunde behaal. In 1963 het Bedryfsielkunde as departement binne die destydse Handelsfakulteit tot stand gekom met prof Van Biljon, tot in daardie stadium verbonde aan die Departement Sielkunde, as die eerste hoof van die departement.

In 1986 het Van Biljon voltyds Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe geword (hy het die pos voorheen deelyds beklee) tot en met sy aftrede in 1989.

Sy groot liefde is musiek en klanktoerusting. Hy het onder meer kerke se klankstelsels verbeter en ook grammofoone gerestoureer. Vroeër in sy lewe het hy selfs sy lyf barbier gehou toe hy tydens sy studies by die Universiteit van Londen ook 'n barbierskursus gedoen het.

"In daardie jare, as jy 'n dans gehou het, het jy nie die tegnologie van vandag nie. Jy het net 'n grammofoon en plate."



Prof Izak van Biljon met sy grammofoon uit 1938.

Foto: STEFAN ELS

Terug in Suid-Afrika het hy weer 'n barbierskursus gedoen en hare gesny.

Oor sy voorliefde vir musiek en sport, gesels Van Biljon graag. Hy bied programme aan vir die inwoners van Utopia en Azaleahof, waar hy en sy vrou Leonie nou woon, oor musiek wat nie meer op radio gespeel word nie.

Hy het op 82 begin om musiekles te neem sodat hy kon leer bladles. Voorheen het hy net op gehoor gespeel, onder meer die trekklavier in Pietie le Roux se boere-orkes.

Ná verskeie hartomleidings en knieervangings neem prof Van Biljon dit deesdae rustiger en bestee hy eerder tyd voor sy elektriese klawerbord, skaars 'n klipgooi van die Stellenbosch-kampus af.

US Woordfees beloof TOP-VERMAAK



'n Toneel uit die US Woordfees se produksie van *Fiela se kind*. Foto: NIEL VOSLOO

Die US Woordfees het vanjaar weer 'n drukprogram van kuns en vermaak. Van die land se grootste kunstenaars sal op die verhoog te sien wees.

Die fees word van Vrydag 4 tot Sondag 13 Maart in verskeie lokale in Stellenbosch gehou.

Vanjaar se vlagskipproduksie is die teaterstuk *Hond se Gedagte*, 'n vertaling van 'n klug deur die Franse dramaturg Georges Feydeau. Die stuk word allerweë beskou as die grootste klug van alle tyd.

In die rolverdeling is groot name soos Louw Venter, Sandra Prinsloo, Neels van Jaarsveld en June van Merch. Die Matie-alumnus Christiaan Olwagen, 'n bekroonde regisseur, is verantwoordelik vir die regie.

Dalene Matthee se gewilde verhaal *Fiela se kind*, waarvan ook 'n fliek gemaak is, word as toneelstuk opgevoer. In die rol van *Fiela* is Lee-Ann van Rooi te sien, en die rolverdeling sluit ook in Waldemar Schultz, Nicole Holm en Charlton George. Nog 'n toneelhoogtepunt is *Die Gangsters*, wat geskryf is deur dr Benoni Dehaeck, 'n voormalige dosent

aan die US. Dié drama, wat in 1993 'n internasionale treffer was, word gedoen ter erkenning aan Dehaeck en sy Breughel-projek se bydrae tot Cloeteville.

Aan die musiekfront tree Johnny Clegg en Karen Zoid onder andere in 'n groot konsert op wat by Coetzenburg gehou word.

Die program van klassieke musiek spog weer met die Orrelweek-uitvoerings, asook musici soos Ben Schoeman, Zorada Temmingh en 'n groep van ses tjelliste genaamd I Grandi Violoncellisti.

Mary Sibande is vanjaar die feeskunstenaar, en van haar ikoniese kunswerke sal in die US Kunsmuseum uitgestal word.

Die US Woordfees fokus sterk op letterkunde, en die boekeprogram sluit in bekende Afrikaanse skrywers soos Ingrid Winterbach, Irma Joubert en Kerneels Breytenbach.

Vir smulpape sal daar heelwat kosstalletjies en kosdemonstrasies wees, asook die jaarlikse Lang Tafel wat op die eerste dag van die fees gehou word.

• Kaartjies is by Computicket beskikbaar.

● Lunchtime

The year is still fairly new and you might already have no idea what to pack for lunch for yourself or the family.

Instead of telling you where to buy lunch, *Kampusnuus* will now share quick and easy lunch ideas using basic ingredients.

For this recipe you can use leftover veggies and that last shavings of ham, pork or chicken (optional).

MINI LEFT-OVER QUICHES

(enough for 4 people)

- 4 eggs
- 1 cup cooked vegetables (left over mixed vegetables or spinach, baby marrows, and corn works well)
- 1 cup cheese (cheddar or gouda)
- ½ cup mushrooms
- ½ cup meat leftovers (optional)
- ¼ cup milk

Season with pepper and fresh or dried herbs like parsley or coriander. You can also add some chopped onion, tomato or red peppers.

Method

Pre-heat the oven to 180°C
Mix all the ingredients in a bowl.
Coat a muffin pan with cooking spray or margarine.
Scoop the mixture into each cavity about ¾ full.
Bake for 10 minutes until done.
Remove the quiches while it is still hot.
You can enjoy this hot or cold.

Do you have a lunch time favourite?

Share your recipe with us.
Mail it to kampusnuus@sun.ac.za



Dié maand skop *Kampusnuus* af met 'n lekker goedkoop resep vir mini souttertjies wat jy sommer voor werk aanmekaar kan slaan. Die Konservatorium bied vandeemaand twee wêreldklaskonserte aan terwyl die US Galery en Oude Libertas Galery se twee verwante kunsuitstallings vroeg in Maart tydens die Woordfees te sien sal wees.

● Listen

The Music Department and Konservatorium released their concert calendar and readers can look forward to some captivating performances. For the month of February you can look forward to a Beethoven Concerto Gala and a piano recital. All tickets are available at computicket.

Beethoven Concerto Gala with Priya

Mitchell & US Camerata
13-14 February 2016
Endler Hall
Cost: R150 & R250

The SAMA winning Stellenbosch University Camerata will present an all Beethoven programme under the directorship of Priya Mitchell, one of the most sensational violinists of her generation. In addition to the violin concerto, Priya will be joined by German pianist Dirk Mommertz and



Peter Martens (cello) for the "Triple" concerto.

Piano recital by Aviram Reichert

27 February 2016
Endler Hall
Cost: R150 & R250



Internationally acclaimed Israeli pianist, Aviram Reichert, presents a solo recital of works by Schubert and César Frank. In the first half Reichert will present a selection of beautiful Schubert Impromptus, whilst the second half sees a Schubert's A minor piano sonata, followed by César Frank's Prelude, Choral and Fugue.

● Kyk

Spreek die Woord / Break the Spell 1 & 2

Groepsuitstalling / Group exhibition (in samewerking met Distell)
4 – 13 Maart 2016
Twee verwante tentoonstellings: GUS (Galery Universiteit Stellenbosch) en Oude Libertas Galery
Kurator: Louis Jansen van Vuuren

Daar is nagenoeg sestig deelnemende kunstenaars, o.a. Elizabeth Gunter, Marlene Steyn, Chantal Claris, Sandra Hanekom, Willemien de Villiers, Vulindlela Nyoni, Ruan Huisamen, Frank



van Reenen, Cobus van Bosch, Ronald Muchatuta, Mary-Rose Hendrikse, Nhlanhla Nhlapo en Tamlin Blake.

Magstryd en towerkuns. Politiek en feëverhaal. Binêre opposisies, of net verskillende kante van dieselfde munt? Wat het dié sprokies met politiek uit te waa? Towerspreuke verlei mens sodat jy soms die geskiedkundige en sosiale basis van sprokies vergeet, en net 'n wonderwêreld raaksien

waarin harmonie hoogty vier. Lees egter sprokies in 'n historiese konteks en jy besef dat hulle deurgaans deur een of ander magstryd onderlê word: oor regmatige regering, geld, oorwinnaarswil, vroue, kinders en grond.

Opening: GUS (Galery Universiteit Stellenbosch) - 6 Maart 10:30
Opening: Oude Libertas Galery - 6 Maart 11:30

Benefiting from your medical scheme

Medical aids, like any financial product, seem complicated and members of medical aids are often overwhelmed by all the factors to take into consideration when joining a medical aid or choosing a plan.

The most dreaded words for any medical aid member are that a medical aid will not cover a certain procedure or treatment when it is needed the most. With ever increasing cost of living and many South Africans having to reshuffle their expenses, out of pocket payments always catch you by surprise when you least expect it.

“Managing your medical aid involves much more than just asking for generic medication at the pharmacy and not spending your savings on over-the-counter medication.”

Alexander Forbes Health, the appointed medical aid consultants to the SU, advises that when planning your finances for the year ahead it is always important to include your health care needs and medical aid to your plans, in order to best manage your scheme benefits.

“Managing your medical aid involves much more than just asking for generic medication at the pharmacy and not spending your savings on over-the-counter medication,” says Riaan Oosthuizen, health consultant at Alexander Forbes Health.

“Making the most of your medical aid already starts with being informed on what are the different options and benefits

your scheme is offering, determining your health care needs and choosing an option that suits your needs best.”

Most medical aid members only get to know the benefits their option offer when they need it. This leaves members emotional and vulnerable when they discover their benefits are exhausted or certain treatments are not included in their package.

Many members also discover at the end of a year that some benefits were rarely used or not at all.

“This is why we advise all medical aid members to do a personal needs assessment and review their medical scheme packages annually. Just as health care needs changes all the time, scheme packages changes too. It is a member's responsibility to know what these changes entail and align their needs with the best possible solution your scheme is offering.”

Oosthuizen explains that it is best to be pro-active and speak to health care consultants and health care providers as well as attend the annual member sessions before deciding on your option plan annually.

Should you have questions regarding your Discovery Medical scheme, please contact the Alexander Forbes Health consultant Marie-Louise du Toit at 021 808 4827.

What about prescribed minimum benefits (PMB)?

By law, all medical schemes must cover the treatment of 270 medical conditions, known as prescribed minimum benefits (PMBs). These conditions include 25 chronic diseases as defined in the Chronic Disease List, and all emergency (life threatening) conditions.

Oosthuizen says it is important to understand the PMBs and the scheme's conditions as you are not automatically covered in full if you choose to use a provider for your PMB treatment that is not contracted to your scheme.



Kinderkinetika

Dr Eileen Africa, senior lektor in die Departement Sportwetenskap en koördineerder van die honneursrigting Kinderkinetika, glo kinders moet beweeg soveel hulle kan. Sy is passievol oor kinderonwikkeling, veral ontwikkelingsmylpale, en haar eie twee kinders, Storme (5) en Heike (3), is van jongs af al proefknyne vir haar en haar studente. Pia Nanny het gaan uitvind hoekom sy haar kinders toelaat om in die huis fiets te ry...

Wat is Kinderkinetika?

Kinderkinetika is die professie wat poog om die neuro-motoriese ontwikkeling van jong kinders (0-13 jaar) optimaal te bevorder deur middel van wetenskaplik-gebaseerde fisieke aktiwiteit.

Hoekom het jy gespesialiseer in Kinderkinetika?

Die ontwikkeling van die kind het my nog altyd fassineer. Nadat ek as lektor aangestel is, het ek die geleentheid gesien om die honneursrigting Kinderkinetika by ons departement te ontwikkel. Ná baie navorsing, verskeie vergaderings en besoeke aan Potchefstroom is daar besluit om Kinderkinetika by die Universiteit Stellenbosch 'n kans te gee. Sedertdien groei die kursus elke jaar en die praktyk doen baie goed.

Hoe pas Kinderkinetika by die Departement Sportwetenskap in?

Kinderkinetika is een van drie honneursrigtings in die Departement Sportwetenskap. 'n Maksimum van 12 studente word per jaar gekeur.

Waarom is dit belangrik dat kinders beweeg?

Beweging bied vir kinders 'n stewige basis vir verdere ontwikkeling – nie net fisieke ontwikkeling nie, maar ook kognitiewe en sosiale ontwikkeling. Fisieke aktiwiteit is ook 'n belangrike komponent van algehele gesondheid. Kinders moet beweeg soveel hulle kan. Meer is natuurlik beter. Kinders tussen die ouderdom van 5 en 17 moet volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie minstens 60 minute per dag beweeg. Volgens die Sentrums vir Siektebeheer en -voorkoming in die VSA het kinderoesiteit die afgelope 30 jaar verdubbel en dit hou verskeie gesondheidsprobleme in op die kort- én langtermyn. **Lead by example** en verander jou hele gesin se leefstylpatrone deur meer aktief te word en 'n gesonde dieet te volg.

Hoe verseker jy dat jou kinders genoeg beweeg?

Dit is 'n groot uitdaging vir werkende ouers om te verseker dat hulle kinders genoeg beweeg.

My kinders, Storme en Heike, swem een keer per week by Kinderkinetika en neem ook een keer per week aan bewegingsprogramme deel. Verder doen hulle ballet, moderne dans en hip hop. By die huis laat ek hulle toe om fiets te ry (in die huis as die weer sleg is). Ek het 'n mini-trampoline in my sitkamer waarop hulle enige tyd kan spring. Hulle is waternimfe en gryp enige kans aan om in die water te baljaar. Ons speel gereeld wegkruipertjie en hop scotch en het ook 'n bonsbal waarop hulle baie pret het. Dans is een van ons gunstelingtydverdrywe, want dit bevorder emosionele, sosiale en fisieke ontwikkeling en laat kinders toe om te kommunikeer sonder om 'n woord te sê. Kinders oor die hele Suid-Afrika baat nou by Active Play, 'n program ontwikkel vir Virgin Active-gimnasiums deur Stellenbosch Kinderkinetika. Dit is bykomend tot die Departement Sportwetenskap se Kinderkinetika-program wat in 2012 by die Virgin Active-klub in Stellenbosch en in 2015 by die klub by Waterstone



geïmplementeer is en vanjaar by die klub by Tygervallei geïmplementeer sal word.

Hoe voel jy oor hierdie vordering?

Ek voel baie trots. Dit is 'n groot gemeenskap wat bereik word met gehalteprogramme. En solank kinders beweeg, is my hart gelukkig. Soos ek altyd sê: *An active child is a happy child and a happy child becomes a healthy adult.*

Is kinderkinetika 'n loopbaan wat jong mense kan oorweeg?

Definitief! Dit is nog nie heeltemal so bekend in die Wes-Kaap nie, maar daar is beslis 'n groot gaping en behoefte aan kinderkinetici.



Wil jy jou kind aan die beweeg kry?
Eileen verduidelik hoe.

SU welcomes new students



About 5 000 new students and their parents were welcomed to the SU at the welcoming event held last month at Danie Cruywen stadium. In his welcoming speech Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector for Learning and Teaching, outlined SU principles. Axolile Qina, SRC chairperson, said universities are not just a place of studying, but also spaces of growth.

USB hou hul opening



Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool op die Bellville kampus, het hul jaarlikse Akademiese Opening gehou. **Prof Stan du Plessis**, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe by die Universiteit Stellenbosch, was die gasspreker. Hy het aan die studente gesê as sakeleiers gaan hulle gereeld voor keuses te staan kom waar die aangryp van een geleentheid noodwendig

sal beteken 'n ander een gaan verlore. Die aanneem van 'n spesifieke strategie sal derhalwe ook opsies elders beperk. Dit is die USB se rol om die student hieraan te herinner en hulle toe te rus om die gevolge te kan hanteer.

SRC initiative help students with registration fees

#RegisterALL
#AccessToALL

The Student Representative Council (SRC) of Stellenbosch University (SU) started the initiative #RegisterALL in order to assist students accepted for studies at SU, but do not have the means of paying registration fees.

The #RegisterALL fund relies on voluntary donations and the SRC calls on the Maties community and the public to contribute to this fund. SRC vice-chair, James de Villiers said the #RegisterALL initiative is a way for SU students to ensure that no student should be prevented from studying at SU due to financial limitations.

Staff who would like to contribute to this fund can do so by making a deposit to:

Standard Bank
Stellenbosch University
Account Number: 073 006 955
Branch code: 050610
Reference: RegisterALL - H494



APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP/NO 40857



CS ASSET
MANAGEMENT
Actively Managing Funds

In this world of uncertainty, particularly in regard to investments and finances, CSAM can update you on your current investments.

Get personal with your fund manager or investor and find out more how they can assist you in the coming year.


Tel. +27 21 887 3360 • www.csassetmanagement.co.za

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERRING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★

Sincerely Yours

PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007

GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com



Set on a Jacaranda-lined street in Stellenbosch's most elegant part of town 5 Seasons is the oasis of peace and tranquility. Only 3 minutes drive from the centre with its restaurants, cafes and bars, but also museums, galleries, the University and the STIAS conference centre.

Tel: 021 886 6159
Email: info@5-seasons.co.za
Website: www.5-seasons.co.za
60 van der Stel Street, Stellenbosch

